# Die Kruin-o-gram

04 Julie 2021 - Uitgawe 01

## Die krag van Jesus | Markus 5:21-42

Markus is die tweede boek in die Nuwe Testament en is ook die tweede evangelie wat ons in die Nuwe Testament aantref. Markus vorm ook deel van die drie sinoptiese evangelies. Dit vertel die verhaal van Jesus Christus se bediening, sy doop deur Johannes die Doper, sy dood, opstanding en die ontdekking van ‘n leë graf. Die Markus evangelie vertel nie die verhaal van Jesus se geboorte nie. In Markus se vertelling van die lewe van Jesus Christus word Jesus uitgebeeld as ‘n held, ‘n man van aksie, eksorsis, ‘n geneser en ‘n wonderwerker. Markus gee ook aan Jesus die titel, die Seun van God, wat slegs aan die Romeinse keisers toegeskryf is. Wat interessant is van Markus, is dat Jesus sy status as Messias geheim hou (die Messiasgeheimenis).

Meeste akademici dateer Markus tussen 66-74 BCE, of voor die val van die tempel in 70 BCE of na die val van die tempel. Verder verwerp akademici dat Markus, die vriend van Petrus, die skrywer van die evangelie was. Die waarskynlike rede waarom Markus toegeskryf is aan die evangelie was om gesag aan die boek te gee. Vanaf die negetiende eeu is Markus gesien as die oudste evangelie tussen al die evangelies en is beskou as ‘n bron wat gebruik is deur Matteus en Lukas. Dit is dus die oorsprong van die Sinoptiese teorie, wat vandag nog onder akademici en predikante gebruik word om Matteus, Markus en Lukas te verstaan.

Daar is ook ‘n groot debat oor die einde van Markus. Die vroegste manuskripte van Markus eindig by Markus 16:8, met die vrouens wat in vrees weghardloop vanaf die leë graf. Hierin is meeste akademici dit eens dat hierdie die oorspronklike einde van Markus is en hierdie word ondersteun deur die kerkvaders Eusebius en Jerome. Akademici het wel twee alternatiewe eindes in die Markus evangelie geïdentifiseer. Die korter een van die twee verskil in Markus se verstaan van Jesus en is dus verwerp deur akademici. Die langer een van die twee is wel in ons kanon opgeneem en is in die tweede eeu na Christus geskryf.

# Delf Dieper

Hierdie gedeelte van die Kruin-o-gram is spesifiek gemik op die jongmense, die tieners in ons gemeente. Hier daag ons, ons tieners uit om op drie vlakke te groei in hul geloof - 1) vir mekaar, 2) na God, 3) en na mense daar buite. Die doel van Delf dieper is dat ouers en tieners saam kan praat oor die Skriflesing aan die hand van die boonste oordenking, sodat die hele gesin tot ‘n nuwe verstaan kan kom van die Bybel. Wanneer die gesin dus weer bymekaar kom, vra die volgende vrae vir mekaar en sien hoe die Gees van God in jou gesin beweeg.

1. Na mekaar
   a. Hoe gaan dit met jou hierdie week?
   b. Wat is jou skool se planne rakende die toetse wat nog nie afgehandel is nie?

2. Na God
   a. Lees Markus 5:21-42
   b. Wat val jou op wanneer jy hierdie gedeelte lees?
   c. Wat sê hierdie gedeelte oor God?
   d. Toon hierdie gedeelte Jesus se hart vir mense? Hoekom of hoekom nie?

3. Na mense
   a. Bemoedig die mense rondom jou om die krag van Jesus raak te sien.



# Samuel luister

## 1 Samuel 3:1-19

Toe Samuel klein was, het Hanna hom na die tabernakel toe gebring om daar te bly. Sy het vir God belowe dat Samuel Hom sy hele lewe lank sou dien. Die priester Eli sou nou na Samuel kyk. Hy sou vir Samuel van God leer.

Een aand terwyl Samuel slaap, hoor hy 'n stem sê: "Samuel!" Hy het na Eli toe gehardloop en gesê: "Hier is ek." Maar Eli sê: "Ek het jou nie geroep nie." Toe gaan Samuel terug bed toe.

Samuel het nog twee keer gehoor hoe iemand hom roep. Elke keer is Samuel na Eli toe. Uiteindelik het Eli vir Samuel gesê: "Ek dink God praat met jou. Sê volgende keer: 'Ja, Here, ek luister.'" Toe gaan Samuel terug bed toe.

"Samuel! Samuel!" het die stem weer gesê. Hierdie keer het Samuel geantwoord: "Ja, Here, ek luister." Van toe af was Samuel 'n spesiale profeet van God.

(Uit: Bybelstories vir beginners)



## Verjaarsdae

| Sondag 04 Julie |
| --- |
| Zander Coetsee |
| Teresa Meintjes |
| Hennie Mouton |
| Mike Nel |
| |
| **Maandag 05 Julie** |
| Bellie Basson |
| Anelda du Toit |
| Karlien McEvoy |
| Fanie Putter |
| Jacques Roux |
| Willie Stears |
| |
| **Dinsdag 06 Julie** |
| |
| **Woensdag 07 Julie** |
| Pieter Bester |
| Doret Fischer |
| Ronel Joubert |
| Rina Pieterse |
| Heinrich Rautenbach |
| |
| **Donderdag 08 Julie** |
| Guillaume Gunning |
| Gerard Harding |
| |
| **Vrydag 10 Julie** |
| Jacolene Morton |
| Pieter Norden |
| Kayla van der Merwe |
| |
| **Saterdag 11 Julie** |
| Minette Gerber |
| |
| **Beste wense vir 'n gelukkige Nuwe lewensjaar !!** |

## Gebedslys

**KANKER**
Charles Du Plessis - Martie van der Merwe
Johnny Redelinghuys - Anelda Du Toit
Rita Pieters - Yvonne Lombard - Japie De Clerq
Colene Smith - Dr. Hennie van Buuren
Miné van der Merwe (10 jaar oud)
Allison Lobo Das Neves - Will Kearney
Carine, Gerrie Jamneck se vriendin

**GESONDHEID**
André Grundling - Johanna Coetzer

**OPERASIES**
Marietjie Pienaar - Baba Reinhardt van Stade

**COVID**
Danie en Sonay Olivier - Johanna en Antoinette Coetzer - Marie Barclay
Tubby en Tersia van den Heever
Antoinette Grundling - Dries Marx
Lise en Alexis Kok - Martyn en Annelise Nagtegaal
Cobus en Ronél Joubert

**AFSTERWE**
Elize Venter se neef en oudste broer, Theuns Botha
Elize Venter se jongste broer, Herman Botha
Koos Barkhuizen - Nicolene Heyns

**GEBOORTES**
Tia en Japie de Jager – Melizé

**SWANGERSKAPPE**
Bianca en Paul Steyn
Herman en Rozanne Steyn

**ONS BID OOK VIR**
Ons regering, gesondheidswerkers
en almal wat geaffekteer is deur Covid-19

## Hoe om Zapper te gebruik

1. Scan die QR-kode
2. Sit in bedrag
3. Kliek op betaal

Let wel dit werk met jou persoonlike bank (FNB, ABSA, Nedbank ens.) se toepassing ook.

**Bankbesonderhede:**
N.G. Silvertonkruin
ABSA - 632005
Tjek rekening: 70580888

zapper™

http://silvertonkruin.com/ | Facebook: @Silvertonkruin | Instagram: @Kruinjeug_ng
https://youtube.com/c/Silvertonkruin | 012 804 3577 | silvertonkruin@absamail.co.za